PLAASLIKE BESTUURSKENNISGWING 186 VAN 2022

JB MARKS PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

TLOKWE WYSIGINGSKEMA/S 2122, 2330, 2331, 2343, 2362, 2364 EN 2393

WYSIGING VAN DIE TLOKWE DORPSBEPLANNINGSKEMA, 2015 EN GELYKTYDIGE OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van Artikel 62 (2) van die Tlokwe Ruimtelike Beplanning en Grondgebruiksbestuur Verordening, 2015, bekend gemaak dat die JB Marks Plaaslike Munisipaliteit goedkeuring verleen het vir die gelyktydige opheffing van beperkende titelvoorwaardes B (f) en B (h) op bladsy 3 in Titelakte T17240/2020 sowel as die wysiging van die Tlokwe Dorpsbeplanningskema, 2015, deur die hersonering van die ondergemelde eiendomme vanaf hul huidige sonerings na die nuwe sonerings, soos hieronder teenoor elke eiendom aangetoon, onderworpe aan sekere voorwaardes:

Wysigingskema	Beskrywing van eiendom	Huidige sonering	Nuwe sonering
2122	Gedeelte 2 en Resterende Gedeelte van Erf 2525, Potchefstroom	“Residensieel 1”	“Residensieel 4” met Bylae 1673
2330	Gedeelte 1 van Erf 1771, Potchefstroom	“Residensieel 1”	“Residensieel 3”
2331	Erf 2836, Potchefstroom	“Residensieel 1”	“Residensieel 3”
2343	Gedeelte 1 van Erf 1119, Potchefstroom	“Residensieel 1”	“Residensieel 3”
2362	Gedeelte 73 (gedeelte van Gedeelte 32) van die Eiland 13 No 502, Noordwes	“Residensieel 1”	“Residensieel 3”
2364	Restant van Erf 835, Potchefstroom	“Residensieel 4” met Bylae 18	“Besigheid 2”
2393	Resterende Gedeelte van Gedeelte 7 van Erf 55, Potchefstroom	“Kantoor” met Bylae 474	“Besigheid 3”

Bylae 18, 474 en 221 word hiermee herroep slegs insoverre dit op Wysigingskema 122, 684 en 353 betrekking het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskemas word in bewaring gehou deur die Munisipale Bestuurder, Dan Tloome Kompleks, hoek van Sol Plaatjielaan en Wolmaransstraat, (Posbus 113), Potchefstroom, en lê ter insae te alle redelike tye.

Hierdie wysigings staan onderskeidelik bekend as Tlokwe Wysigingskema/s 2122, 2330, 2331, 2343, 2362, 2364 en 2393 en tree in werking op datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Kennisgewing 04/2022

WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER